**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**VRAESTEL 1**

**Graad 11** **November 2013**
**Tyd: 2 uur** **Punte:80**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Slattery, Bothma, Mej. Fourie.**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

AFDELING A: Leesbegrip

**Vraag 1**
**Teks A: Artikel oor E-learning.**

**Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg**

## Ouers, weet julle wat E-learning is ? *Annette Jamneck*




Foto: Stock Exchange

Daar is tans 180 skole in Suid-Afrika wat iPads gebruik vir onderrig, maar mammas en pappas wat grootgemaak is met handboeke en swartborde verstaan nie altyd so mooi wat hierdie nuwe konsep alles behels nie.

Kirsty Chadwick is een van ons land se *e-learning* pioniers en verduidelik hoe tegnologie soos tablette, slimfone en rekenaars, vandag in die klaskamer gebruik word.



**Wat is *e-learning*?**
*E-learning* is die afkorting vir elektroniese leerwerk. Dit transformeer die outydse handboeke na digitaal. Sodoende is die inligting meer interessant en interaktief. Dit sluit selfs speletjies, musiek en foto's vir kinders in.

**Moet ek vir my kind 'n iPad koop om vir hom/haar 'n goeie toekoms te verseker?**
Verseker nie. 'n iPad waarborg nie goeie opvoeding nie, maar goeie onderwysers doen wel. iPads en ander tablet-rekenaars is baie duur toebehore wat die meerderheid Suid-Afrikaanse ouers nie kan bekostig nie. Dis juis om hierdie rede dat hierdie apparate slegs in 'n klein mate in Suid-Afrikaanse skole gebruik word.

**Wat is die verskil tussen *e-learning* en digitale leerwerk?**
Dit is twee verskillende terme vir dieselfde voorwerp.

**Wat is *m-learning*?**
*M-learning* is die afkorting vir mobiele leerwerk. Dit beteken dat jy jou leerwerk saam jou kan neem via jou selfoon, maar dit is nie baie gewild in Suid-Afrika nie.

**Wat presies doen kinders met hul iPads in die klaskamer?**
Kinders gebruik hul iPads meestal vir navorsing, om leermateriaal af te laai soos digitale handboeke en vele meer wat kan bydra tot onderrig in die klaskamer.

**Het ek die internet nodig vir *e-learning*?**
Nee. *E-learning* is nie volkome afhanklik van die internet nie, maar wel in Suid-Afrika as gevolg van die manier hoe dit tans hier gebruik word.

**Is *e-learning* 'n duur storie?**
Dit is wel baie duur tensy dit deur 'n maatskappy geborg kan word. 'n Tablet-rekenaar kan jou R5 000 uit die sak jaag. Die regering werk tans aan 'n inisiatief om *e-learning* beskikbaar in alle Suid-Afrikaanse skole te maak.

**Is 'n skootrekenaar dan nie net so hulpvol soos 'n iPad nie?**
Dit is in baie gevalle, ja, maar die iPad en tablet-rekenaars het die voordeel van mobiliteit en 'n *touch screen*. 'n Skootrekenaar is meer bekostigbaar en kan ook hulpmiddels aflaai, e-boeke stoor en die internet gebruik.

**Wat kan ek doen as my kind se skool nie *e-learning* aanbied nie?**
Laat jou kind grootword met tegnologie. Indien jy 'n tablet-rekenaar of 'n foon met 'n *touch screen* het, laat jou kind toe om dit te gebruik onder jou toesig. Laai basiese speletjies vir jou kind af en hoe ouer hy/sy word, hoe meer gevorderd kan die speletjies raak. Maak internet-soektogte, probleemoplossings en woordspeletjies deel van jou kind se huiswerk, maar wees daar om altyd 'n ogie te hou.

1.1. Haal 1 woord aan wat aandui dat die statistiek van 180 Suid-Afrikaanse skole wat iPads gebruik, op die oomblik relevant is. (1)

1.2. Haal 2 opeenvolgende woorde aan wat verduidelik waarvoor die afkorting, E-learning staan. (1)

1.3.1. Watter ander afkorting word ook in die artikel gebruik ? (1)
1.3.2. Waarvoor staan dit ? (1)

1.4. Kies elke keer die mees gepaste antwoord en skryf dit dan volledig neer.

1.4.1. Wie,volgens die artikel, verstaan die minste omtrent E-learning ?

- Leerders.
- Ouers.
- Onderwysers . (1)

1.4.2. Hoe kan E-learning,volgens die artikel,goedkoper gedoen word ?

- Borgskap deur 'n maatskappy.
- As ouers dit as 'n groep koop, is dit goedkoper .
- Die skole moet die tegnologie koop. (1)

1.4.3. Waarmee moet kinders vandag grootword, volgens die artikel ?

- Speletjies, musiek en foto's.
- Duur toebehore.
- Tegnologie. (1)

1.4.4. Kirsty Chadwick is 'n pionier van ons land se E-learning. Dit beteken dat sy:

- Iemand is wat tablette en rekenaars bou.
- Iemand is wat ons land se klaskamers gebruik.
- Iemand is wat nuwe metodes van leer ontwikkel. (1)

1.5. Sê of die volgende stellings WAAR OF ONWAAR is, en motiveer deur aan te haal.

1.5.1. E-inligting is nie vervelig nie. (2)

1.5.2. Vir die meeste Suid-Afrikaanse ouers is iPads maklik bekostigbaar. (2)

1.5.3. Dit is 'n goeie idee vir ouers om hul kinders vrylik tablet-rekenaars of touch screens te laat gebruik. (2)

1.6. Verduidelik in jou EIE WOORDE waarom dit vir mammas en pappas moeilik is om die konsep van E-learning te verstaan. (2)

1.7. Haal 2 opeenvolgende woorde aan wat,volgens die artikel,'n goeie opvoeding waarborg. (1)

1.8. Wat is nie baie gewild in Suid-Afrika nie ? (1)

1.9. Watter organisasie probeer om E-learning in alle Suid-Afrikaanse skole beskikbaar te maak ? (1)

1.10. Noem die werk wat Annette Jamneck doen. (1)

(20)

## Vraag 2: Teks B: Advertensie

**Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.**

# KIES EEN VAN HIERDIE **KLEIN NOMMERTJIES** EN KRY IETS HEELTEMAL **MAHALA MET MTN**

**SAMSUNG GALAXY POCKET SLIMFOON (S5300)**

TOTALE KOSTE

**R999**

R95 PM x12 | R1113.82 Terugbetalig

Op jou TFG rekening: 21% rente


**GRATIS** MTN **PayAsYouGo** beginnerspak

**FUNKSIES:**

3G Konnektiwiteit, Samsung Apps store + Google Play, Gratis plaaslike snitte - eksklusief aan PocketMusiq.com

**Sluit: 10MB x 3 maande***





**NOKIA ASHA 311 SLIMFOON**

TOTALE KOSTE

**R1449**

R135 PM x12 | R1618.97 Terugbetalig

Op jou TFG rekening: 21% rente

**GRATIS** MTN **PayAsYouGo** beginnerspak

**FUNKSIES:**

**Speel meer met 40 Gratis Games#**, Sosialiseer meer met Whatsapp, Facebook, Twitter en e-pos, meer doen met 'n 1GHz Verwerker en 3.5G, Soek deur word meer bekostigbaar met Nokia Browser, Geniet meer met 'n 3.2MP Kamera, Wi-Fi, 4GB ingesluit en gratis Nokia Maps

Aanbod slegs geldig vir wit goud kleur.

Aanbod sluit in 'n MTN krapkaart met 'n geheime afslag, geldig met die aankoop van 'n Samsung Galaxy Pocket Slimfoon (S5300) of 'n wit goud Nokia Asha 311,
of 'n Blackberry Curve 9320 Slimfoon of Blackberry Curve 9360 Slimfoon.
Aanbod geldig van 01/11/2012 – 23/12/2012 terwyl krapkaart voorraad hou.
Een krapkaart per foon aankoop.
Terme en voorwaardes geld. *Data aanbod vir die 10MB is slegs vir drie maande geldig, Vanaf 01/11/2012 tot 31/07/2013. Besoek www.nokia.co.za/asha vir voorwaardes met betrekking tot EA Games. Prys en rente koers korrek ten tye van print. BFW.

2.1. Hoeveel verskillende selfone verskyn in:
2.1.1. die geïllustreerde advertensie ? (1)
2.1.2. die geskrewe advertensie ? (1)

2.2.1. Antwoord: JA/NEE

Sal jy presies weet hoeveel afslag jy sal kry voordat jy jou krapkaart krap ? (1)


2.2.2. Haal 2 opeenvolgende woorde aan om jou antwoord te motiveer. (1)

2.3. Skryf slegs die maand in woorde neer.
31/<u>07</u>/2013. (1)

(5)

## Vraag 3: Visuele geletterdheid.
## Teks C: Strokiesprent

**Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.**



**"Almal volg my op Twitter, hulle weet alreeds wat ek die somervakansie gedoen het."**

3.1. Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die woord neer.
Die jong man staan met gevoude arms voor die klas, dit wys vir ons dat hy
( bang voel om voor die klas te praat / nie van plan is om in te gee nie.) (1)

3.2. Hoe weet ons dat die onderwyseres 'n mondeling taak en nie 'n skriftelike taak gegee het nie ? (1)

3.3. Sê in jou <u>EIE WOORDE</u>, waarom die jong man nie die taak wil doen nie. (1)

3.4.1. Stem jy saam met die jong man se argument ? Ja/Nee ? (1)
3.4.2. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
(5)

Sub-totaal vir afdeling A = 30

Afdeling B : Vraag 4: OPSOMMING

- Lees die onderstaande artikel, Rekspring-ongeluk.
- Som die artikel in 7 hoofgedagtes op.
- Jou opsomming moet puntsgewys van nommer 1 – 7 geskryf word.
- Elke punt moet in 'n goeie volsin geskryf word.
- Laat 'n reël oop tussen punte.
- Jou opsomming moet nie meer as 70 woorde beslaan nie.
- Skryf die ware aantal woorde neer wat jy gebruik het.

**Die voordele en nadele van digitale tegnologie in die klaskamer**

**Rekenaars en mobiele toestelle laat die leerders toe om by die huis aan te gaan met hulle studies. Die leerproses hoef dus nie eers die volgende periode aan te gaan nie.**

**Nuwe tegnologie maak dit moontlik vir individuele leerders om teen hulle eie spoed te leer. As kinders agter raak, kan hulle by die huis inhaal.**

**Nog 'n voordeel is dat inligting op so 'n verskeidenheid maniere, byvoorbeeld, visuele, mondelings, in verskillende kleure ensovoorts aangebied kan word, dat enige tipe leerder die werk sal kan verstaan.**

**Die internet en ander vorms van tegnologie gee vir die leerders 'n rykdom van kennis. Leerders en onderwysers kan so maklik en gou hope inligting verkry.**

**Daar is mense wat sê dat moderne kinders nie basiese kennis en leestegnieke aanleer nie, en dat dit 'n negatiewe impak op hulle lewens het.**

**Baie van die nuwe tegnologie is ontwerp vir onafhanklike werk, daar is dus bekommernisse dat kinders minder sosialiseer.**


**Deskundiges sê ook dat leerlinge van die laer-inkomste gesinne sal sukkel om by te bly as gevolg van die duur tegnologie.**

**(10)**

## Afdeling C: TAAL

### Vraag 5: Woordstrukture:

**Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.**




**Dankie vir die sms, Kate, maar volgende keer, kan jy net vra om badkamer toe te gaan.**

5.1. Gee die meervoud van die woord tussen hakies.

5.1.1. Daar is baie (leerling) in Mev. Smith se klas. (1)
5.1.2. Die klein (tafel) waar die leerders sit, is ongemaklik. (1)

5.1.3. Gee die korrekte trap van vergelyking van die woorde tussen hakies.

5.1.3.1. Mev. Smith is die (kwaai) onderwyseres in die skool. (1)
5.1.3.2. Dit is vir die leerders (lekker) om 'n sms te stuur as om vrae te vra. (1)
5.1.3.3. Die kinders is deesdae (opgewonde) om skool toe te kom as vroeër jare. (1)

5.2. Kies die korrekte voorsetsel tussen hakies. Skryf net die woord neer.

5.2.1. Al die digitale toerusting is (deur/duur/dier). (1)
5.2.2. Die leerders is (op/by/in) skool. (1)
5.2.3. Ouers en onderwysers is bekommerd (vir/oor) die veiligheid van die kinders se selfone, tablette en skootrekenaars. (1)

5.2.3. Afkortings: Kies die korrekte antwoord tussen hakies

5.2.3.1. Die leerders stel nou meer belang in hul lesse omdat hulle ( d.m.v. / dmv / dmv.) tegnologie leer. (1)

5.2.3.2 Hulle lees elke Do. ( donderdag / Donderdag / Donnerdag ) hulle E-boeke. (1)

5.3. Vul die korrekte voornaamwoorde in.

5.3.1. Kate is nie veronderstel om ____________ onderwyseres te sms nie. (1)

5.3.2. Van die leerders vergeet ______________ digitale toestelle by die huis. (1)

5.3.3. Die onderwyseres werk op haar rekenaar, terwyl die leerders op ________ werk. (1)

5.3.4. Die seun met ________ die onderwyseres praat, luister aandagtig. (1)

5.3.5. Die ander seun _________ daar sit, speel speletjies op sy selfoon. (1)

5.4. Gee die korrekte intensiewe vorm van die woorde tussen hakies.

5.4.1. Baie van die kinders het aan die begin van die jaar (baie nuwe) selfone gekoop. (1)

5.4.2. Party van die kinders se ouers het nie geld vir nuwe selfone nie, hulle gebruik maar (baie ou) selfone. (1)

5.5. Gee die samestelling vir die woord in hakies.

5.5.1. Vir die meeste jong mense is tegnologie (kind+speletjies). (1)

5.6. Voltooi die vergelykings in die volgende sinne. Skryf slegs die woord neer.


5.6.1. Party van die kinders se ouers het GELD SOOS ____________. (1)

5.6.2. Ander ouers is weer so ARM SOOS 'n _______________. (1)

(20)

## Vraag 6: Sinstrukture.

**Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.**



**"Romeo en Juliet het aan-lyn in 'n kletskamer (chatroom) ontmoet. Maar hulle verhouding het tragies geëindig toe Juliet se harde skyf (hard drive) ineengestort het. (crashed)"**

**6.1. Skryf die sinne oor in die VERLEDE TYD.**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1.1. | Die moeder lees vir haar seun 'n moderne tragedie dan slaap hy. | (2) |
| 6.1.2. | Die seun het 'n bang uitdrukking op sy gesig. | (2) |
| 6.1.3. | Hy geniet nie regtig die storie nie. | (2) |
| 6.1.4. | Hy lê en luister na die ongewone weergawe van Romeo en Juliet. | (2) |
| 6.1.5. | Sy moet eerder vir hom 'n sprokie lees. | (2) |

**6.2. Skryf die sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.**

| | | |
|---|---|---|
| 6.2.1. | Hy skakel elke aand die lig af om te gaan slaap. | (2) |
| 6.2.2. | Die tragedie word deur sy ma gelees. | (2) |
| 6.2.3. | Hy kan nie rustig na die tragiese storie slaap nie. | (2) |

6.3. <u>Skryf die sinne oor in die INDIREKTE REDE.</u>

6.3.1. Romeo sê vir Juliet: "Ek het jou baie lief." (2)
6.3.2. Juliet vra vir Romeo: " Hoekom kan jy nie met my trou nie?" (2)
6.3.3. Romeo vra vir Juliet: " Is jy regtig dood?" (2)

6.4. <u>Vul die nodige LEES EN SKRYFTEKENS in, skryf die sinne oor.</u>

6.4.1. die seun vra vir sy ma sal juliet se harde skyf herstel kan word (2)
6.4.2. rekenaars het soveel komponente mikroprosessor monitor sleutelbord modem muis (2)

6.5. <u>Beantwoord die vrae in die ONTKENNENDE VORM.</u>
<u>Begin so: Nee,...</u>

6.5.1. Leef Romeo en Juliet nog ? (2)
6.5.2. Het óf die Capulet óf die Montague-gesin die romans goedgekeur? (2)
6.5.3. Kon iets die twee karakters se lewens red ? (2)
6.5.4. Het jy al die tragedie gelees ? (2)
6.5.5. Ken jy iemand in die skool wat so verlief was ? (2)

6.6. <u>Verbind die sinne met die VOEGWOORDE.</u>

6.6.1. Romeo en Juliet was verlief op mekaar. Ongelukkig het hul ouers nie die verhouding goedgekeur nie. (maar) (1)

6.6.2. Hulle verhouding het tragies geëindig. Hulle ouers het hulle belet om te trou. Begin met: Aangesien... (1)

6.7. <u>STEL VRAE, sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.</u>

6.7.1. Die verhouding het tragies geëindig <u>omdat Juliet se harde skyf ineengestort het</u>. (2)
6.7.2. Romeo het Juliet <u>met 'n skootrekenaar</u> verras. (2)
6.7.3. <u>William Shakespeare</u> het die oorspronklike Romeo en Juliet geskryf. (2)
6.7.4. Dit is gevaarlik om vreemdelinge <u>in kletskamers</u> te ontmoet. (2)

6.8. <u>Skryf die sinne oor in die LYDENDE VORM.</u>

6.8.1. Die ma lees elke aand vir haar seuntjie 'n verhaal. (2)
6.8.2. Hul ouers het destyds Romeo en Juliet se harte gebreek. (2)
6.8.3. Die ma sal beter boeke kies om vir haar seun te lees. (2)

**6.9. Verbind die sinne met 'n BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.**

**6.9.1. Dit is Juliet. Haar rekenaar het gebreek.** (2)
**6.9.2. Die ma lees 'n storie. Die storie eindig tragies.** (2)

**6.10. Skryf die sinne oor, maar BEGIN SOOS AANGEDUI.**

**6.10.1. Die ma moet vir die seuntjie beter stories lees. Die ma behoort...** (2)
**6.10.2. Die twee hoofkarakters behoort te sterf. Die twee hoofkarakters hoef...** (2)

**(60)**

VRAAG 5 = 20
VRAAG 6 = 60 } 80 ÷ 2 = 40